# Lianie May, Pretoria

So stadig loop ons deur die pers Jakarandas
wat val, die bome word kaal
Pa staar na die beeld van ou Botha wat reis
op sy perd
Hy wonder was bloed soveel werd
Soveel jare dra hy aan die naam van 'n plek
Soveel jare moet ons nou laat gaan

Pretoria, jy was nog altyd daar
Want jy l in my kluis ek noem jou my huis
Ek vergeet nooit jou naam
Pretoria, wat as my kind my vra
Is die naam dan so erg so bitter en sleg
Hoekom gooi jul dit weg

Genadig staan ons by oom Paul op die plein
en voel klein, God het ons bewaar
Maar stadig loop trane so stil deur my
Moeder sy vra
En wonder was ons dan niks werd
Soveel jare dra sy aan die naam van 'n plek
Soveel jare moet ons nou laat gaan

Koor

En ek weet dat die land moet bestaan
almal saam,
Maar dit maak soveel mense seer
As al daai ou name vergaan
Pretoria, Pretoria ek vergeet nooit jou naam

Lianie May - Pretoria w Teksciory.pl